

Die sewe kruiswoorde

[HYPERLINK "http://www.kruispad.net/die-sewe-kruiswoorde/"24/03/2016](http://www.kruispad.net/die-sewe-kruiswoorde/) Kruispad

Rondom Paasfees dink ons weer aan die sewe kruiswoorde wat Jesus Christus in sy laaste ure aan die kruis gesê het.

In die kruiswoorde vind ons die volle vervulling van God se offer en die volle uitdrukking van sy liefde.

Die kruiswoorde word versprei deur die Evangelies gevind. Drie elk is in Lukas en Johannes opgeteken, terwyl een in Markus en Matteus is. Hierdie sewe kruiswoorde is tussen Jesus se kruisiging en sy sterwe opgeneem. In die woorde sien ons Jesus se menslikheid en sy Goddelikheid raak.

Die eerste drie kruiswoorde het Jesus tussen nege-uur en twaalfuur uitgespreek. In dié drie praat Jesus met die mense rondom Hom. Hierin druk Jesus sy liefde op 'n besondere wyse uit vir mense wat in nood verkeer.

#### **Die eerste kruiswoord: Lukas 23:34**

Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant. Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

#### **Die tweede kruiswoord: Lukas 23:39-43**

Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en ons ook!" Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie." Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

#### **Die derde kruiswoord: Johannes 19:25-27**

By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

Tussen twaalf en drie-uur toe dit donker geword het, het daar geen kruiswoorde opgeklank nie.

Na drie ure duisternis het Jesus teen drie-uur sy eie nood beklag en hoor ons sy geestelike en fisiese worsteling. Dié vier laaste kruiswoorde is aanhalings uit die Ou Testament. Deur hierdie tekste op Homself van toepassing te maak, wou Jesus tot op die laaste oomblik die ongelowige Jode oortuig dat Hy die Messias is wat sou kom. Met sy laaste woorde sien ons Jesus se absolute vertrouwe in sy Vader. Jesus het gesterf soos hy gelewe het, deur homself in God se hande te plaas.

#### **Die vierde kruiswoord: Matteus 27:45-46**

Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

**Die vyfde kruiswoord: Johannes 19:28-29**

Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: “Ek is dors.” Daar het ’n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe ’n spons vol suur wyn op ’n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou.

**Die sesde kruiswoord: Johannes 19:30**

Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

**Die sewende kruiswoord: Lukas 23:44-46**

Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeer geskeur. Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.”

Ses verhore in een dag.

Hier is die gebeure van Goeie Vrydag in ’n dagboek.

1:30 – 3:00 – Jesus se inhegtenisname in die Tuin waartydens Simon Petrus, Malgus se oor afkap.

Jesus se eerste verhoor, voor Annas, ’n voormalige Joodse Hoëpriester van 16 jaar waartydens Jesus sy aanvanklike fisiese mishandeling ontvang.

Jesus se tweede verhoor, voor Kajafas, die Joodse Hoëpriester in bevel en word daar verder mishandel.

3:00 – 5:00 – Jesus word gevange gehou by Kajafas se paleis.

5:00 – 6:00 – Jesus se derde verhoor, voor die hele Joodse raad, insluitende die Hoë Priester en skrifgeleerdes. Hulle besluit om die Romeinse regering te vra oor Jesus se lot.

6:00 – 7:00 – Jesus se verhoor (vierde) voor die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus, wat openlik verkondig dat hy geen skuld in die Man voor hom vind nie.

7:00 – 7:30 – Jesus se vyfde verhoor, dié keer voor Antipas, die seun van Koning Herodes. Jesus het geweier om aan sy versoeke en vrae te voldoen en is weer terug na Pontius Pilates gestuur.

07:30 – 08:30 – Jesus se sesde en laaste verhoor, Pontius Pilates probeer Jesus se lewe spaar en probeer hom vrylaat, maar die massas kies ’n moordenaar met die naam Barrabas bo Jesus. Hy probeer deur fisiese mishandeling voldoen aan die Joodse leiers se vraag, maar gee in en gee later die bevel vir Jesus se Kruisiging. Pontius Pilates was sy hande in onskuld.

08:30 – 09:00 – Romeinse soldate neem Jesus na die Paleis se binnehof waar hy verder gemartel word en 'n gevlegte doringkroon op sy kop gedruk word.

09:00 – 12:00 – Jesus dra sy kruis deur die via dolorosa (weg van smart) na Golgota en word gekruisig.

12:00 – 15:00 – Drie-uur donkerte oor die aarde en die voorhangsel van die tempel skeur.

15:00 – Jesus sterf! Sy liggaam word voor sonsondergang na die graf geneem.

*Vertaal uit artikel van [JesusCentral.com](http://JesusCentral.com)*